# Les 16 GELIEFDE KINDERS: HOE HET MENSE MY LIEF – MET ROOIBOKLIEFDE OF LEEULIEFDE?

Skriflesing: Matteus 22: 34 – 40 en Matteus 18:6-7

"34 *Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom,* 35 *en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek.* 36 *"Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?"* 37 *Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand.* 38 *Dit is die grootste en die eerste gebod.* 39 *En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'* 40 *In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.*" Matt. 22

6 *"Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink.*
7 *Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom.*" Matt. 18

## 1. Twee soorte liefdes!

Die Here leer ons in die Bybel van twee soorte liefdes: die een soort liefde is liefde wat kinders versorg en beskerm; die ander soort liefde is liefde wat kinders afvallig maak: alleen en stukkend. Die liefde wat kinders versorg en beskerm, is die liefde wat die Here vir ons het en ons leer. Hierdie is die liefde waarvan die Here ons in die Tien Gebooie leer. Die liefde wat kinders afvallig maak, is die liefde wat goddelose en losbandige mense vir kinders voel en leer. Dit is die liefde wat mense vir mekaar gehad het daar rondom die goue kalf. Vandag gaan ons kyk of ons kan voel hoe verskillend is hierdie soorte liefdes van mekaar.

## 2. Rooibokliefde, leeuliefde!

Hoe voel ŉ rooiboklammetjie as Pa Ram hom so ŉ lek gee en sê: "Ek is lief vir jou"? Hy voel veilig en trots! Hy weet hy is versorg en beskermd. Hy weet hy gaan nog net so ŉ groot en sterk ram soos sy pa word.

Hoe voel ŉ rooiboklammetjie as ŉ maanhaarleeu hom so ŉ lek gee en sê: "Ek is baie lief vir jou, rooibokkie"? Doodsbenoud en verskrik! Hy weet hy is in verskriklike groot gevaar. Hy weet daar gaan van hom net ŉ hoop droë, gebreekte bene alleen iewers in die veld oorbly. Hy gaan nooit ŉ trotse ram word nie.

Wat sal julle dink van ŉ rooiboklammetjie wat baie spesiaal en opgewonde voel as ŉ maanhaarleeu hom lek en sê hy is lief vir hom? Kan julle jul dit voorstel: ŉ rooiboklammetjie wat nie die verskil kan voel tussen rooibokliefde en leeuliefde nie!

Dit is wat die Here ons leer in die Bybel: daar is rooibokliefde vir kinders, maar daar is ook mense wat kinders wil laat voel leeuliefde vir kinders is baie meer spesiaal as gewone rooibokliefde!

Kom ons kyk eers hoe lyk rooibokliefde! Dit lyk só:

"*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.* [38] *Dit is die grootste en die eerste gebod.* [39] *En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*" Matt. 22

Rooibokliefde is die liefde wat God vir ons leer: alles vir God, en "net soos" vir mense.

**3. Kom ons kyk eers na rooibokliefde: alles vir God**

Dis net vir God wat ons só moet liefhê: alles. Elke gedagte, alle gedagtes! Elke gevoel, alle gevoelens! Elke besluit, alle besluite! Elke woord, alle woorde! Elke daad, alle dade! Alles wat ek doen, voel, dink en begeer, moet volgens Sy wil en tot Sy eer wees.

Hoekom só?

Want God doen alles vir my! Al my gesondheid, krag, lewe, geleenthede, kos, water, klere, ouers, familie, onderwysers en vriende, is wat die Here vir my gee. Alles wat met my gebeur, is wat Hy laat gebeur. Elke dag, die hele dag!

Wie het my só lief: Hy sorg vir alles, Hy bewaar my in alles? Net God kan my só liefhê en daarom kan ek net vir God só liefhê – altyd, in alles, met alles.

Niks en niemand anders mag my só liefhê nie: hulle sal alles gee en vir alles sorg. Ek mag niks en niemand anders só liefhê nie: altyd, in alles, met alles. Dit mag nie so werk nie.

**4. Rooibokliefde: "soos"-liefde vir mense**

Hoe het mense mekaar met rooibokliefde lief? Hulle het mekaar met ŉ "soos"-liefde lief.

Jou pa het jou lief soos ŉ pa, jou ma soos ŉ ma, en jy moet hulle soos ŉ kind liefhê. Jou boetie en sussie het jou lief soos ŉ boetie of sussie, en jy moet hulle soos ŉ boetie of sussie liefhê. Jou vriende het jou lief soos ŉ vriend, en jy moet hulle soos vriende liefhê.

Mense mag mekaar nooit anders liefhê as met "soos-liefde" nie. Mense mag mekaar nooit liefhê met ŉ alles-liefde nie!

**5. Leeuliefde vir God en mense: ware liefde onderstebo**

Leeuliefde keer die liefde wat God ons leer, onderstebo. Mense wil alles hê, en God moet hulle met ŉ "soos"-liefde liefhê. Die Bybel noem hierdie mense goddeloos en losbandig.

**6. Leeuliefde vir God**

Hulle wil God liefhê soos ŉ pa, en noem Hom sommer Pappa; hulle wil Hom liefhê soos ŉ vriend, en noem Hom sommer hulle maat; hulle wil Hom liefhê soos ŉ leier, en noem Hom sommer "ons leier"; hulle wil Hom soos ŉ kind liefhê, en noem Hom sommer "liewe Jesus" en nie die Here Jesus nie; hulle wil Hom liefhê soos ŉ man of vrou, en noem Hom sommer hulle liefling.

**7. Leeuliefde vir mense: alles**

Hulle wil hê mense moet alles vir hulle doen, en vat al die ander mense se liefde. So ŉ pa wil hê dat sy vrou alles net vir hom doen, en word kwaad as sy die kinders versorg en liefhet. So ŉ boetie of sussie wil al pa en ma se liefde hê, en word kwaad as jy ook liefde kry. So ŉ maat wil hê jy mag net met hom of haar speel, en met niemand anders nie.

**8. Leeuliefde maak kinders afvallig**

Wat maak hierdie liefde met kinders? Die Here sê dit maak hulle afvallig.

'Afvallig' beteken om losgemaak te wees. As iemand ŉ kind met leeuliefde liefhet, maak dit ŉ kind los van God se liefde en van ander mense se liefde, wat vir ŉ kind nodig is.

Leeuliefde vat al die ander liefde uit ŉ kind se lewe weg. Dit vat jou weg van die liefde van God en mense, net soos ŉ leeu ŉ lammetjie wegvat uit die trop waarbinne hy die liefde kry en leer ken wat hom veilig en trots maak.

Geen leeu wil vir ŉ lammetjie binne-in die trop bokke sê: "Ek is lief vir jou" nie. Hy wil hom altyd eenkant wegvat, buite die trop, en daar eenkant vir hom met leeuliefde sê: " Ek is lief vir jou."

Net so maak mense se leeuliefde met kinders, daardie liefde wat alles opeet: hulle word weggevat van al die ander mense wat God gegee het om hulle lief te hê, om eenkant weg van almal, stukkend en eensaam gemaak te word.

Hulle word afvallig gemaak.

**9. Kinders moet kan voel wanneer kry hulle rooibokliefde en wanneer kry hulle leeuliefde**

Ons moet weet wanneer kry ons rooibokliefde, en wanneer kry ons leeuliefde. Ons moet kan voel watter een is watter een.

Dink net hoe verskriklik is dit as iemand jou met leeuliefde wil opeet, en jy voel dit is maar dieselfde as rooibokliefde! Jy voel trots en veilig om opgeëet te word!

**10. Hoe voel ons die verskil?**

Wanneer ons voel dit is ŉ alles-liefde, en mense wil dit hê, dan weet ons dit is leeuliefde. Geen mens in jou lewe mag alles wil hê nie: nie jou pa nie, nie jou ma nie, nie jou boetie nie, nie jou vriend nie, nie jou onderwyser nie, nie jou dominee nie, nie ŉ oom of ŉ tannie nie, nie eens ŉ oom of tannie wat sê dat hulle vir die Here werk nie.

Wanneer ons voel mense wil ŉ alles-liefde van ons hê, dan vlug ons trop toe. Ons aanvaar nooit mense se alles-liefde nie.

**11. Hoe voel ons die verskil?**

Wanneer mense jou leer God soek ŉ "soos-liefde", dan weet jy dit is leeuliefde. Geen dominee, geen oom of tannie wat vir jou Bybellesse by die kerk of skool leer, geen maat van ŉ Christelike groepie by die skool nie, níémand mag vir jou probeer leer dat God jou liefhet soos ŉ pa, ŉ ma, ŉ vriend, ŉ leier of soos iemand wat op jou verlief is nie.

Wanneer jy voel hulle liefde vir God is maar net soos vir mense, dan weet jy: hierdie liefde gaan my eenkant, weg van alles en almal, opvreet tot daar niks van my oor is nie. Dit is leeuliefde.

Rooibokliefde is wanner jy voel God kry alles, en mense wil net ŉ "soos-liefde" vir jou gee, en van jou hê.

Rooibokliefde voel só: Jou pa wil jou soos ŉ pa liefhê, en ma jou soos ŉ ma, en hulle vra van jou net die liefde wat ŉ kind vir ouers gee. Dit is vir hulle genoeg. Hulle wil hê jy moet die alles-liefde by God kry, en hulle wil ook hê dat jy liefde van broers, susters, vriende, ooms en tannies, dominees en onderwysers kry; jou vriende wil jou net soos vriende liefhê, en hulle wil hê dat jy ook jou pa en ma se liefde kry, maar hulle wil hê dat jy jou alles-liefde by God sal kry.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog